**Oproep tot Aksie: Mobilisering van Burgers om 'n Suid-Afrikaanse Onderwys- en Opleidingstelsel vir die 21ste Eeu te Bou.**

Deur Prof Kader Asmal, LP,
Minister van Onderwys,
Dinsdag 27 Julie 1999

**'N BOODSKAP VAN PRESIDENT THABO MBEKI**

"Onderwys en opleiding moet die beslissende dryfkragte wees in ons pogings om 'n wennasie te bou.Die Regering sal gevolglik sy fokus op onderwys verskerp sodat ons daarin kan slaag om 'n opgevoede en geskoolde bevolking te kry.Baie werk is reeds gedoen, maar ons sal verseker dat bestaande beleide en programme uitgevoer word met 'n gevoel van dringendheid en verbintenis tot die sukses daarvan.Om hierdie resultate te behaal, sal ons ook indiensopleiding en voordiensopleiding op groot skaal moet aanpak. Alle nodige stappe moet en sal gedoen word om te verseker dat leerders leer, opvoeders opvoed en bestuurders bestuur.Ons sal ook maatreëls tref om die mense, insluitende ouers, te mobiliseer sodat ons as 'n land daarin kan slaag om die uitdaging van die opvoeding van al ons mense die hoof te bied."

'n Uittreksel uit president Thabo Mbeki se eerste toespraak as President in die Parlement op 25 Junie 1999.Suid-Afrika se nuwe President het die Regering weer verbind tot die bou van 'n samelewing wat omgee en die waardigheid van elke burger sal waarborg.

**TIRISANO: WERK SAAM OM 'N SUID-AFRIKAANSE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSTELSELVIR DIE 21STE EEU TE BOU**.

**VOORWOORD**

'n Gevoel van dringendheid loop soos 'n goue draad deur minister Kader Asmal se "Oproep tot Aksie".Na 'n deeglike studie van die stand van onderwys en opleiding en 'n intense betrokkenheid by die leierskap van die stelsel in al sy kompleksiteit het hy die toedrag van sake geëvalueer en nege gebiede vir prioriteitaandag uitgesonder.

Drie temas oorheers in hierdie verklaring:
Die deurslaggewende waarde van 'n ten volle funksionerende onderwys- en opleidingstelsel vir die gesondheid en welvaart van die nasie.Die dringende behoefte aan regstelling van die onreg en aanslag op menswaardigheid soos beliggaam in ons erfenis van onderwysontbering.Die oortuiging dat Suid-Afrikaners onbenutte reserwes van vindingrykheid en vasberadenheid kan mobiliseer om onderwysgeleenthede uit te brei en onderwys in die sentrum van die gemeenskapslewe te herstel.

Die prioriteitsprogram van nege punte in die "Oproep tot Aksie"-toespraak is per definisie selektief. Dit is nie bedoel om elke aspek van die stelsel te dek nie. Die Ministerie van Onderwys vestig die aandag op nege breë terreine wat van groot belang is, maar hy is verbind tot die heropbou en ontwikkeling van onderwys in alle fases van die stelsel en op elke vlak, van vroeëkinderontwikkeling tot nagraadse onderwys en navorsing. Die Ministerie sal voortgaan om met alle vennote in die onderwys saam te werk ten einde ons onderwysgrondslae te versterk en te help om 'n permanente stelsel van lewenslange leer daar te stel waarop ons nasie trots kan wees.

Trevor Coombe
Waarnemende Direkteur-Generaal
Departement van Onderwys

**INLEIDING**

Vandag kondig ek die begin aan van 'n nasionale mobilisasie vir onderwys en opleiding.Op die eerste Kabinetsvergadering van die nuwe regering het president Thabo Mbeki die vraag gestel:

"Is ons onderwysstelsel op pad na die 21ste eeu?"

Die Suid-Afrikaanse publiek het die allergrootste belang by die antwoord op hierdie vraag.Vandag, nadat ek feitlik die hele leierskorps van die onderwys- en opleidingstelsel geraadpleeg het, kan ek aan hom en die nasie my antwoord gee.

**TERREINVERKENNING**

Die afgelope vyf weke het ek 'n wonderlike ontdekkingstog onderneem. Ek het dosyne dokumente gelees. My amptenare het my oorvloedig toegelig. In 'n week van vergaderings sonder weerga wat intensiteit en openhartigheid betref, het ek die toonaangewende verteenwoordigers van elke beduidende nasionale onderwysstruktuur ontmoet.

Hulle het gepraat namens statutêre liggame in onderwys en opleiding, kommissies wat kragtens ons grondwet ingestel is vir die beskerming van die demokrasie, die verteenwoordigende verenigings van visekanseliers en rektore op alle vlakke, nasionale verenigings van beheerliggame, alle nasionale onderwysvakbonde en personeelverenigings, nasionale studenteliggame wat alle vlakke verteenwoordig, leiers in onderwys vir volwassenes, vroeëkinderontwikkeling en onderwys vir spesiale behoeftes, asook die georganiseerde arbeid en besigheid.

Ons het gepraat, geargumenteer en gemeenskaplike grond gevind. Laastens, om die kroon te span op hierdie buitengewone luisterveldtog, het ek gister oorleg gepleeg met my provinsiale kollegas in die Raad van Onderwysministers.

Ek wil graag drie hoofpunte uitlig uit die honderde feite, idees en indrukke wat die luisterveldtog opgelewer het.

**Ons beskik oor sterk, toegewyde leierskap vir die 21ste eeu.**

Eerstens beliggaam die leierskap van ons onderwys- en opleidingstelsel in die veld merkwaardige eienskappe van patriotisme, talent, ondervinding en toegewydheid. Die leiers wat ek ontmoet het, en die organisasies en instellings wat hulle verteenwoordig, lewer heroïese onbesonge bydraes tot die transformasie van ons onderwys- en opleidingstelsel. Ek bring hulde aan hulle. Hulle is 'n noodsaaklike hulpbron vir die volgende fase in ons onderwysrevolusie. Meer nog, hulle wil aan die werk spring.

**Ons beskik oor uitstekende beleide en wette vir die 21ste eeu.**

Tweedens is ek deur almal wat ek ontmoet het, meegedeel dat ons 'n stel beleide en wette in onderwys en opleiding geskep het wat ten minste gelyk is aan die beste ter wêreld.

In 1994, toe ons die verdelende en wrede nalatenskap van apartheid vir goed die rug toegekeer het, is die onderwys beskou as die plofbaarste en mees omstrede terrein van ons nasionale lewe. Ek is trots dat ons jong demokratiese regering, na inklusiewe en opregte oorlegpleging, 'n nasionale konsensus rondom die belangrikste onderwysbeleidsposisies van die breë demokratiese beweging gebou het en terselfdertyd die hele struktuur van onderwysadministrasie en onderwysvoorsiening herorganiseer het.

Die belangrike ding omtrent die bou van konsensus vir 'n beleid of 'n wet is dat mense dit besit en dit wil laat werk. Implementering kos tyd, maar ek het oortuigende bewyse gesien dat dit in alle dele van die stelsel gebeur, byvoorbeeld in basiese onderwys en opleiding vir volwassenes, vroeëkinderontwikkeling, skoolkurrikulum, verdere onderwys en opleiding, hoëronderwysbeplanning, demokratiese beheer en gehaltebestuur.

Daar het 'n revolusionêre verandering in Suid-Afrikaanse denke oor onderwys en opleiding plaasgevind. Die konsensus wat ons behaal het, berus vierkantig op ons demokratiese Grondwet, en dit hanteer Suid-Afrikaanse werklikhede op openhartige wyse en posisioneer ons om die wêreldwye uitdagings van die nuwe eeu die hoof te bied.

**In deurslaggewende opsigte is ons nog nie vir die 21ste eeu gereed nie.**

Derdens is die nasionale onderwysleierskap dit eens dat ons stelsel van onderwys en opleiding aan groot swakhede mank gaan en dodelike bagasie van ons verlede saamdra. Groot dele van ons stelsel is in ernstige mate disfunksioneel. Dit is nie 'n oordrywing nie om te sê dat daar 'n krisis op elke vlak van die stelsel is.

Ek sal die ergste en sorgwekkendste eienskappe van ons onderwys- en opleidingstelsel uitsonder vir spesiale aandag: die geweldige ongelykhede in toegang en fasiliteite, die ernstige stand van die moreel van die onderwyserskorps, gebreke in beheer en bestuur, en die swak gehalte van leer in 'n groot deel van ons stelsel.

## WAAR ONS TE KORT SKIET

### Matelose ongelykheid

Eerstens is daar die matelose ongelykheid van toegang tot onderwysgeleenthede van bevredigende standaard. In die besonder is dit so dat arm mense in alle gemeenskappe, waarvan die oorweldigende meerderheid landelike Afrikane is, steeds bouvallige skole bywoon, te dikwels sonder water of sanitasie, elektrisiteit of telefoon, biblioteek, werkwinkel of laboratorium. Hulle onderwysers sien hulle toesighouers dikwels nie van een jaar tot die volgende nie. Hulle ouers is steeds ongeletterd, arm en magteloos. Hulle is nie in staat om praktiese en intellektuele ondersteuning aan die onderwysaspirasies van hulle kinders te bied nie.

Vir sulke kinders van demokratiese Suid-Afrika bly die beloftes van die Handves van Regte net 'n verre droom. Sonder 'n stewige fondament van leer is hulle kanse op opvoedkundige en ekonomiese sukses in later jare maar skraal, en armoede perpetueer homself.

### Lae moreel van onderwysers

Tweedens is ek herhaaldelik meegedeel dat die moreel van onderwysers in alle gemeenskappe laag is. Dit is 'n meer komplekse terrein, omdat die oorsake en omvang daarvan in verskillende instellings kan verskil.

Dit is duidelik dat baie onderwysers gedemoraliseer is deur die onsekerheid en lyding van rasionalisasie en herontplooiing. Sedert 1995 het hierdie proses gepaard gegaan met uitgerekte oorlegpleging, bedinging, regs- en arbeidsoptrede en die verspreiding van heelwat sensasionele gerugte. Die saak van die billike en volhoubare voorsiening van onderwysers is regverdig en noodsaaklik, maar die koste is hoog. Onderwysers het 'n redelike verwagting van stabiliteit en werksekerheid, maar dit neem lank om te bewerkstellig.

Nog 'n belangrike rede is die kwesbaarheid van leerders en onderwysers in baie skole, kolleges en ander onderwysinstellings vir misdade van betreding, vandalisme, die dra en gebruik van wapens, dwelmhandel, verkragting, seksuele misbruik en ander vorms van fisiese aanranding of selfs moord. Of dit nou binne of buite die hekke gepleeg word, sulke wandade skep onsekerheid en vrees, en dit vernietig die grondslag van 'n lerende gemeenskap.

Ongedissiplineerdheid aan die kant van skoolhoofde, onderwysers en leerders is ook herhaaldelik genoem as 'n bron van demoralisering onder diegene wat wil werk en sukses wil behaal. Ek was in die besonder geskok deur die herhaalde opmerkings dat te veel skole nie op tyd begin nie en vroeg sluit, dat te veel leerders na willekeur wegbly, dat te veel onderwysers reken hulle verpligtinge is om 1-uur of 2-uur op 'n skooldag verby.

Baie opvoeders op alle vlakke kan aan 'n meer subtiele en sluipende vorm van demoralisasie ly as hulle nie professioneel toegerus word of hulpbronne kry om die nuwe eise wat aan hulle gestel word die hoof te bied nie, of dit nou uit rasse-integrasie of nuwe kurrikula en pedagogie voortspruit.

## Gebreke van beheer en bestuur

Die derde verontrustende aspek waarop my aandag gevestig is, is die ernstige krisis van leierskap, beheer, bestuur en administrasie in baie dele van die stelsel. Dit het baie fasette. Die ernstigste, wat omvang betref, is die onvermoë van verskeie provinsiale onderwysdepartemente om die agenda vir hulle stelsels te bepaal, hulle take op 'n saaklike wyse te verrig en toereikende professionele steun aan hulle onderwysinstellings te verleen.

Binne instellings, van universiteite en technikons tot klein landelike skole, het hierdie onvermoë 'n drastiese uitwerking. Dit maak die hek wyd oop vir korrupsie, bedrog en ongedissiplineerdheid. Dit benadeel die moreel van pligsgetroue personeellede. Op die ou einde ondermyn dit goeie onderwys en studie, wat afhang van vrede, orde, stabiliteit en professionele uitdaging.

Die situasie word vererger as beheerliggame ondoeltreffend is, as hulle saamspan met bestuur ten koste van ander partye, of as hulle toelaat dat hulle ondermyn word deur faksievorming. In sulke omstandighede is hulle nie in staat om hulle noodsaaklike rol van goeie beheer en ware rentmeesterskap van die belange van die instellings waar hulle aangestel is om te dien, te vervul nie. Die gevolge kan baie duur wees, veral in instellings vir hoër onderwys.

## Swak leergehalte

In die lig van die toestande wat hierbo beskryf is, is dit nie verbasend nie dat die onderwysleiers met wie ek oorleg gepleeg het, diep besorg is oor die swak leergehalte in groot dele van ons stelsel.

Die Senior Sertifikaat-eksamen aan die einde van Graad 12 is die eerste eksterne toets vir prestasie in ons skoolstelsel, en die swak resultate, veral in ses provinsies, het die nasie geskok. In vergelyking met ander middelinkomstelande vaar ons leerders baie swak in internasionaal gestandaardiseerde toetse in wiskunde en wetenskap. Skoolverlaters word werksoekers of betree die hoëronderwyssektor met ernstige gapings in fundamentele kennis, redeneervaardighede en studiemetodes.

Swak leer gaan in oorweldigende mate gepaard met armoede, swak of ontbrekende fasiliteite, swak voorbereide onderwysers, gebrek aan leerhulpbronne en 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid en dissipline in baie skole, of wat 'n kultuur van leer, onderrig en diens genoem word.

Die aantal jongmense wat wiskunde met enige mate van begrip en vaardigheid bestudeer, toon 'n afname in plaas van 'n vinnige toename. As gevolg daarvan kom wiskundige ongeletterdheid algemeen in ons samelewing voor, en die poel van rekrute vir verdere en hoër onderwys in die inligtings- en wetenskapgebaseerde professies word al hoe kleiner, 'n feit wat ernstige implikasies vir ons nasionale toekoms in die 21ste eeu het.

## GEEN TYD OM TE VERSPIL NIE

Watter afleiding maak ek uit hierdie ruwe balansstaat van die bates en laste van die onderwys- en opleidingstelsel? Ondanks ons suksesverhale is ons besig om te misluk, veral in die uitgestrekte dele van die stelsel wat arm stedelike en landelike gemeenskappe bedien. Ons nuwe stelsels van beheer, administrasie en finansies het nog nie daarin geslaag om daardie gemeenskappe uit die arbitrêre en ongelyke onderwystoestande wat deur geslagte van apartheid en minderheidsregering veroorsaak is, te trek nie. In sommige opsigte en sommige gebiede het die situasie versleg.

Alle moderne nasies met sterk demokratiese tradisies en suksesvolle ekonomieë het op groot skaal belê in die onderwys en opleiding van hulle mense, ten einde toegang deur alle burgers tot onderwysgeleenthede te verseker en die vlak en gehalte van leer dwarsdeur hulle samelewings deurlopend te verhoog. Ons land het nog 'n lang pad om te loop, en geen tyd om

te verspil nie.

## NASIONALE MOBILISERING VIR ONDERWYS EN OPLEIDING

### Ons mandaat en plig

Die Grondwet plaas 'n dwingende plig op die regering om elkeen se reg op basiese onderwys te respekteer, te beskerm, te bevorder en te volbring, insluitende basiese onderwys vir volwassenes, en om redelike maatreëls te tref om verdere onderwys in toenemende mate beskikbaar en toeganklik te maak (artikel 29).

In Junie vanjaar het die mense van hierdie land aan die nasionale regering en die provinsiale regerings sowel 'n mandaat as 'n verantwoordelikheid gegee om die lewering van basiese dienste wat die gehalte van hulle lewe sal verbeter, te versnel. Die publiek glo dat ons 'n krisis ondervind. Ons mense het 'n reg op onderwys, en daardie reg word nie deur die staat gehandhaaf nie. Hulle het hulle vertroue in die demokratiese proses geplaas en het hulle regering met 'n oorweldigende mandaat herkies. Na vyf jaar van demokratiese heropbou en ontwikkeling is die mense geregtig op 'n beter onderwysdiens, en hulle moet dit kry.

Ons sal ons demokratiese verantwoordelikheid nie nakom nie, en ons nasie sal ook nie vir die eise van die 21ste eeu voorberei word nie, tensy ons die toegang van al ons mense tot gesonde basiese onderwys en opleiding in bevredigende fasiliteite vinnig verbeter en 'n ten volle funksionerende stelsel van goeie gehalte op alle vlakke verseker, van vroeëkinderontwikkeling tot universiteit en verder.

### President Mbeki se opdrag

Die President verwag dat die noodsaaklike funksies van die onderwysstelsel doeltreffend en vinnig uitgevoer sal word. Soos hy in sy repliek op die debat oor sy Stand van die Nasie-toespraak in die Parlement opgemerk het: "Opvoeders moet opvoed. Leerders moet leer. Bestuurders moet bestuur." Dit is 'n fundamenteel redelike verwagting, waarvan alle ander onderwyssuksesse afhang. Ons sal daaraan aandag gee.

### Tirisano

Ek het tot die gevolgtrekking gekom, na intensiewe oorlegpleging met verteenwoordigers van al die hoofrolspelers in onderwys en opleiding en die LUR'e vir Onderwys, dat die onderwyssituasie van die meeste mense in die land op 'n nasionale noodtoestand neerkom.

'n Nasionale noodtoestand vereis 'n buitengewone reaksie van die nasionale regering en van die provinsiale regerings.

Ek kondig aan 'n nasionale mobilisering vir onderwys en opleiding, onder die slagspreuk "Tirisano" - werk saam. President Mbeki het die tema van die tweede demokratiese regering aangekondig, "'n Nasie aan die werk vir 'n beter lewe vir almal". Dit is wat ons in die onderwys moet doen, saam.

Die besonderhede sal oor die komende weke en maande uitgewerk word, in oorleg met alle betrokkenes.

Die omvang is ontsaglik, en selfs 'n energieke regering kan nie alles dadelik doen nie. Ons sal prioriteite bepaal, en binne daardie prioriteite sal ons teikens stel.

Ons sal ook saam met ander staatsdepartemente werk aan die geïntegreerde, geteikende projekte vir landelike en stedelike vernuwing waarvoor president Mbeki in sy toespraak 'n beroep gedoen het en wat nou beplan word.

Wat ek in hierdie stadium vra, is 'n verbintenis deur burgers en alle organe van die samelewing om met die Ministerie van Onderwys en die provinsiale onderwysowerhede saam

te werk en die dringendste probleme te takel.

## Nasionale Onderwysparlement

Een keer per jaar sal ons 'n Nasionale Onderwysparlement byeenroep. Dit sal 'n waarlik beraadslagende liggaam van alle onderwysbelanghebbendes wees. Sy taak sal wees om te besin oor die stand van onderwys en opleiding, 'n voorraadopname te maak van ons kollektiewe vordering om aan die prioriteitsgebiede van behoefte aandag te gee, solidariteit te bou tussen die hoofrolspelers in onderwyslewering en die onderwysdepartemente, en die pad vorentoe aan te dui.

## NEGE PRIORITEITE

### Prioriteit 1: Ons moet ons provinsiale stelsels laat werk deur regering van samewerking te laat werk.

Die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die doeltreffende bestuur van die onderwysstelsel berus by die Minister van Onderwys, en ek is van voorneme om daardie verantwoordelikheid na te kom. Ek sal dit doen binne die letter en die gees van die Grondwet, in die besonder die bepalings rakende regering van samewerking, die uitvoerende gesag van die Republiek, en die uitvoerende gesag van die provinsies.

Volgens ons huidige reëlings word alle onderwys onder die vlak van hoër onderwys deur provinsiale regerings bestuur, oor wie die Minister van Onderwys net politieke gesag het maar geen uitvoerende gesag nie. Ek is van voorneme om my politieke gesag as Minister van Onderwys so kragdadig uit te oefen as wat nodig is om die vooruitgang van die nasionale onderwys- en opleidingstelsel te bevorder.

Die bestuur van onderwysstelsels is 'n hoogs ingewikkelde funksie van regering, en provinsiale onderwysdepartemente wissel aansienlik in hulle vermoë om onderwys doeltreffend te bestuur. Die ernstigste probleme met uitvoerende kapasiteit word ondervind in die provinsies wat voormalige tuislande of "onafhanklike state" insluit. Die drie grootste provinsies het die ernstigste probleme. Hulle is ook die armste provinsies, met die grootste agterstande wat skoolgeboue en dienste betref, en swak kommunikasie-infrastrukture in landelike gebiede.

Nasionale onderwyswetgewing bind provinsiale regerings onder sekere omstandighede, en dit is dus belangrik om te verseker dat nasionale wette, regulasies en beleide nie onredelike laste op provinsiale administrasies plaas nie. Alternatiewelik moet provinsiale departemente bemagtig word, met bystand van die nasionale departement, om hulle statutêre verantwoordelikhede te kan nakom. Nasionale wette en ander instrumente sal hersien word met dit in gedagte.

Daar is akute probleme met die toewysing en bestuur van baie provinsiale onderwysbegrotings. Die Minister van Onderwys kan 'n mate van invloed op hierdie aangeleenthede uitoefen deur middel van die begrotingsproses volgens die Mediumtermynbestedingsraamwerk, hoewel dit grotendeels onregstreeks is. Ek is van voorneme om saam met die Minister van Finansies verantwoordelikheid te aanvaar vir samewerking oor provinsiale onderwysbegrotings, saam met provinsiale LUR'e en LUR'e vir Ekonomiese Sake en Finansies.

Dit is uiters belangrik om die verhouding van nie-personeelbesteding tot personeelbesteding te verbeter. Die goeie werk wat gedoen word om vermorsing en bedrog uit te skakel en doeltreffendheid te verhoog in provinsiale stelsels, geniet my uitdruklike steun. Dit is egter gebiedend dat provinsiale regerings voldoende fondse toewys vir die noodsaaklike personeel- en nie-personeelbehoeftes van provinsiale onderwysstelsels, en dat daar nie in die loop van die finansiële jaar met sulke toewysings gepeuter word nie.

Die nasionale Departement van Onderwys - deur sy gewone begroting, toegewyde staatstoekennings en eksterne steun - staan sy provinsiale eweknieë by deur regstreekse

administratiewe en professionele steun. Ek sal weer kyk na wat tans ingevolge die tegniese bystandsprogramme gedoen word, om te verseker dat daardie programme goed geteiken en doeltreffend is en om vas te stel of hulle uitgebrei kan word.

Die Minister van Onderwys beskik ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996, oor die bevoegdheid om die prestasie van provinsiale onderwysowerhede betreffende hulle grondwetlike verpligtinge en die implementering van nasionale beleid te moniteer. Die Minister moet skendings aan die Parlement rapporteer en moet regstellende stappe doen wat gesamentlik deur die provinsiale en die nasionale onderwysdepartemente beplan word. Hierdie formele bevoegdheid om te moniteer en verslag te doen sal gebruik word wanneer dit ook al gepas is, veral waar dit blyk dat daar ernstige versuim aan die kant van provinsies is om hulle verpligtinge na te kom.

Ek gaan egter 'n vinniger en minder formele metode van monitering en advisering invoer deur van alle senior beamptes van die Departement van Onderwys en my eie adviseurs te vereis om 'n sekere deel van hulle tyd te bestee aan besoeke aan provinsiale onderwysdepartemente en -instellings. Sulke besoeke, waaroor elke betrokke beampte verslag moet doen, sal ook dien as kruiskontrolering om te bepaal of nasionale wetgewing of beleid hersien of verander moet word.

Voorts sal ek elke drie maande aan die President verslag doen oor vordering met provinsiale onderwys, volgens 'n stel aanwysers wat met die Raad van Onderwysministers (ROM) bespreek sal word. Sulke verslae sal aan die Premiers en die pers gestuur word.

**Prioriteit 2: Ons moet ongeletterdheid onder volwassenes en jeugdiges se rug binne vyf jaar breek.**

Geen volwasse Suid-Afrikaanse burger moet in die 21ste eeu ongeletterd wees nie, maar miljoene sal wees tensy ons 'n maatskaplike beweging mobiliseer om lees-, skryf- en rekenvaardighede te bring na diegene wat dit nie het nie. Tans is daar miljoene Suid-Afrikaanse volwassenes en jongmense wat in geen taal kan lees of skryf nie, en miljoene meer is funksioneel ongeletterd en ongesyferd, met ander woorde hulle kan hulle lees- en skryfvaardighede vir geen nuttige doel aanwend nie en kan nie syferbegrippe hanteer nie.

In die moderne samelewing sluit ongeletterdheid mense uit van die prosesse van leer en kommunikasie, beter werkvaardighede en talle normale verantwoordelikhede van burgerskap. Dit vervreem en ontmagtig hulle en vergroot hulle afhanklikheid van andere. Om hierdie rede is baie volwassenes wat ongeletterd en ongesyferd is, skaam oor hulle toestand en probeer hulle dit verberg.

Geletterdheid is 'n vaardigheid wat moeilik is om te behou. Dit kan verlore gaan of ondoeltreffend gemaak word as dit nie gebruik word nie. Ons nuwe Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV)-program strek verder as geletterdheid. Dit is gemik op leeruitkomste wat bemagtig, eerder as om na 'n dooie punt te lei. Die leerprogramme gee kwalifikasies wat krediet verleen in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Dit stel volwasse leerders in staat om voort te gaan met formele onderwys, hetsy deur selfstudie of andersins. Die Meerjarige Implementeringsplan vir BOOV sal bykans 'n miljoen nuwe leerders in staat stel om teen 2003 die ekwivalent van Graad 9 te verwerf, mits die fondse gevind kan word en BOOV-praktisyns opgelei kan word.

Ons moet hierdie program so veel as moontlik ondersteun. Ongelukkig het begrotingsdruk daartoe gelei dat verskeie provinsiale onderwysdepartemente BOOV-programme besnoei of staak in plaas van om dit uit te brei. Hierdie tendens moet omgekeer word, maar dit is onwaarskynlik dat die regering in die nabye toekoms voldoende bykomende fondse sal kry om ongeletterdheid uit te skakel deur formele BOOV-programme wat deur provinsiale onderwysdepartemente aangebied word.

'n Ander strategie is nodig.

Eerstens moet alle werkgewers, insluitende werkgewers in die nasionale, provinsiale en plaaslike regerings, aangemoedig word om BOOV-programme vir hulle werknemers aan te bied of te ondersteun. Baie doen dit reeds, en sommige is leiers in die voorsiening van BOOV. Maar 'n groot geleentheid ontstaan deur die invoering van die vaardigheidsheffing en die instelling van Sektorowerhede vir Onderwys en Opleiding onder die Nasionale Vaardigheidsowerheid. Ek sal met die Minister van Arbeid oorleg pleeg om te verseker dat ons 'n massiewe toename in BOOV-voorsiening langs hierdie weg verkry. Ongeletterde burgers wat nie in diens is nie, sal ook toegang tot BOOV-programme kry deur die Nasionale Vaardigheidsfonds.

Tweedens moet ons die burgerlike deug van vrywillige diens stimuleer ten behoewe van ons ongeletterde landgenote. Ek rig 'n ope uitnodiging aan alle godsdienstige, politieke, maatskaplike, opvoedkundige en gemeenskapsgroeperings om ons te help om 'n groot program van vrywillige diens te ontwerp ten behoewe van geletterdheid en gesyferdheid, en om fasiliteite beskikbaar te stel om daardie diens te bedryf. Studente, veral in sekondêre skole en instellings vir verdere onderwys en opleiding en vir hoër onderwys, sal 'n uitstekende geleentheid hê om hulle verbintenis tot gemeenskapsdiens te toon deur geletterdheidspraktisyns te word. My Ministerie sal oor hierdie aangeleentheid met die Nasionale Jeugkommissie oorleg pleeg.

Selfs vrywillige dienste het fondse nodig om bokoste en ander koste te dek. Gesien die omvang van die behoefte kan sulke fondse aansienlik wees. Sodra die program beplan en die koste bereken is, sal ek 'n beroep op nasionale en internasionale befondsingagentskappe doen om bystand te verleen. Die Nasionale Ontwikkelingsagentskap behoort 'n strategiese rol te speel om deelnemende NRO's te ondersteun.

**Prioriteit 3: Skole moet sentrums van gemeenskapslewe word.**

Die krisis in primêre en sekondêre skole moet hanteer word deur te verseker dat skole die sentrums van die gemeenskapslewe word.

Die skool sal waarlik 'n sentrum van gemeenskapslewe en kultuurlewe word as sy fasiliteite aangewend word vir leer deur jeugdiges en volwassenes, gemeenskapsbyeenkomste, musiek en drama, sport en ontspanning. 'n Onbenutte skool is 'n kwesbare plek, wat vandalisme uitlok. 'n Besige skool is 'n plek wat deur die gemeenskap beskerm sal word omdat dit aan hulle behoort. Daar is 'n rol in 'n gemeenskapskool vir godsdienstige liggame, besighede, kultuurgroepe, sportklubs en burgerverenigings, om in hulle eie behoeftes te voorsien en ook om by te dra tot die skool se leerprogram binne en buite skoolure.

Die skool se beheerliggaam, gelei deur ouers, oefen 'n trust uit ten behoewe van die ouers van die gemeenskap, en funksioneer as die onontbeerlike skakel tussen die skool en die gemeenskap. Daar moet nie vergeet word nie dat dit 'n nuwe begrip is vir die meeste gemeenskappe in die land. Ons moet dus baie moeite doen om te verseker dat beheerliggame, veral in arm gemeenskappe, die ondersteuning ontvang wat hulle nodig het om sterk en lewensvatbaar te word. Die Ministerie van Onderwys het 'n belang daarby om te verseker dat alle openbare skole se beheerliggame lede van beheerliggaamverenigings word, wat hulle in betrekkinge met die onderwysowerhede kan verteenwoordig en waardevolle tegniese steun aan hulle lede kan verleen. Ons sal bona fide ingestelde of nuwe beheerliggaamverenigings bystaan om toegang te kry tot fondse om hulle organisatoriese koste en uitreikwerk te steun.

Die skoolhoof, wat die provinsiale departement van onderwys verteenwoordig en hoof van die skool se bestuurspan is, het die uiters belangrike rol van professionele en administratiewe leierskap, en is verantwoordelik vir die standaard van leer en onderrig in die skool. Die skoolhoof moet 'n werkverhouding met die beheerliggaam smee sodat hulle saam die visie en missie van die skool in die gemeenskap kan dien. Albei partye het leiding nodig in die uitvoering van hulle onderskeie rolle. Gevolglik is dit belangrik dat die skool se leierskapspan, onder leiding van die skoolhoof, en die beheerliggaam in elke openbare skool die geleentheid gebied word om die gevoel van gemeenskaplike doel en onderlinge steun te skep.

'n Funksionerende skool is 'n ware gemeenskap in eie reg, en 'n onontbeerlike sentrum vir die

breër gemeenskap se maatskaplike en kulturele behoeftes en belange. Maar om dit te verwesenlik, moet ons vrede en stabiliteit in skole en in die omgewing van skole hê. Skole moet dus veilig gemaak word vir leerders, onderwysers, personeel en die publiek. Daar moet regulasies wees om toegang te beperk tot diegene wat wettige besigheid by die skool het. Skole moet skakels vorm met polisiestasies en moet by gemeenskapspolisiëringsforums aansluit.

Openbare skole moet teruggewen word van diegene wat in woord en daad gewelddadig is. Dissipline kan net in toestande van vrede floreer. Die handhawing van wet en orde kan mense tot bedaring bring maar kan nie vrede bring nie. Vrede moet intern gegenereer word. In 'n samelewing wat tot geweld geneig is, moet die vreedsame beslegting van geskille verkondig en uitgelewe word in die samelewing van die skool. Waardes, moraliteit en ordentlikheid moet herstel word as die grondslag van skoollewe, en selfdissipline as die grondslag van dissiplinêre kodes in die skool. Lyfstraf is strydig met die Grondwet en die Suid-Afrikaanse Skolewet. In die verlede het dit bygedra tot die kultuur van geweld in ons samelewing. Ouers, onderwysers en leerders het hulp nodig om te verstaan waarom dit verbied is, en om doeltreffender plaasvervangers te ontwikkel.

Dissipline in 'n gemeenskapskool sal vereis dat onderrig op die eerste dag van die termyn begin. Die skool moet op die regte tyd begin en sluit, van Maandag tot Vrydag, elke week van die skooljaar.

Dit sou onversoenbaar wees met die begrip "gemeenskap", asook 'n ontkenning van basiese regte, as openbare skole hulle verantwoordelikheid teenoor kinders met spesiale behoeftes en hulle ouers ontken. Openbare skole moet, per definisie, inklusiewe, humane en verdraagsame gemeenskappe wees. Die Ministerie se lank verwagte beleid oor onderwys vir leerders met spesiale behoeftes sal binnekort gereed wees vir publikasie. Skole moet bygestaan word om 'n bemagtigende omgewing te skep vir ouers wie se kinders liggaamlike gebreke of ander spesiale behoeftes het, sodat vroeë identifikasie tot gepaste advies en plasing kan lei. Die gewone openbare skool in die gemeenskap moet hulle verwelkom en vir hulle voorsiening maak in die grootste mate wat met die belange van sulke kinders versoenbaar is.

'n Mobilisasie ter ondersteuning van die idee van 'n gemeenskapskool sal 'n hupstoot wees vir die Kultuur van Leer, Onderrig en Diens (KLOD)-veldtog, ontwikkelingsprogramme vir die hele skool en 'n nuwe program wat president Mbeki van stapel gestuur het om vennootskappe vir skoolverbetering te smee met swak funksionerende maar goed gemotiveerde openbare skole.

**Prioriteit 4: Ons moet toestande van fisiese agteruitgang in Suid-Afrikaanse skole beëindig.**

Hoewel die regering meer as R1 miljard tot die Nasionale Skoolbouprogram bygedra het, het hy seker twaalf keer soveel nodig om die agterstande wat in die Skoolregister van Behoeftes geïdentifiseer is, uit te wis. Dit is heeltemal buite die bereik van die normale begrotings van provinsiale onderwysdepartemente, wat die afgelope jare skerp afnames ondervind het in die fondse wat aan skoolgeboue en dienste toegewys is.

Desondanks moet miljoene skoolkinders in demokratiese Suid-Afrika as gevolg van omstandighede hulle fundamentele reg op basiese onderwys uitoefen in toestande van liederlikheid en agteruitgang. Duisende skole is in 'n swak fisiese toestand, en baie is gevaarlik en nie vir menslike gebruik geskik nie. Honderde skole het nie water op die terrein nie, geen sanitasie nie of net rudimentêre en ontoereikende toilette. Sulke toestande bedreig die gesondheid van leerders en onderwysers, en plaas 'n radikale beperking op die maatskaplike en onderwysaktiwiteite van die skool. Dit is onmoontlik om met selfvoldaanheid hieraan te dink. Die situasie roep om regstelling.

Ek sal elke geleentheid benut om voorspraak te doen vir die prioriteit van openbare besteding aan die vervanging van gevaarlike en vervalle skole en die verskaffing van water en sanitasiedienste waar dit nie bestaan nie. Die gebiede en skole waar die nood die hoogste is, sal geprioritiseer en geteiken moet word, in samewerking met die provinsiale

onderwysdepartemente. Dit kan 'n groot projek wees onder die nuwe Geïntegreerde Landelike Ontwikkelingsprogram wat deur president Mbeki aangekondig is, in vennootskap met ander staatsdepartemente, provinsiale owerhede, parastatale liggame en NRO's. Die voorsiening van water en sanitasie aan skole bied ruimte vir 'n arbeidsintensiewe gemeenskapsgebaseerde projek. My Departement het met die eerste beplanningswerk begin.

**Prioriteit 5: Ons moet die professionele gehalte van ons onderwyserskorps ontwikkel.**

Al die getuienis wat aan my verskaf is, toon dat daar 'n werklike onbehaaglikheid in die onderwyserskorps van hierdie land is, ondanks die hoë vlakke van professionele diens wat onderwysers in skole dwarsoor die land lewer.

Die verskaffing van onderwysers in skole onder apartheid het tot twee ernstige maatskaplike verwringings gelei. Die een was die uiterste ongelykheid in leerder-opvoeder-verhoudings wat gehandhaaf is deur ongelyke begrotingstoewysings gegrond op rasse- en etniese diskriminasie. Dit is bitter ongelukkig dat onderwysers die spit moet afbyt van 'n proses van rasionalisasie wat, vir die eerste keer, onderwysers billik aan skole toewys volgens kurrikulumbehoeftes. Daar is egter goeie vooruitsigte vir werksekerheid vir alle gekwalifiseerde en geregistreerde onderwysers wat tans in diens is, en 'n terugkeer na stabiele personeelvoorsiening in ons skole.

Die tweede ernstige verwringing was die rasbepaalde kwalifikasiestruktuur, gekoppel aan rasbepaalde geleenthede vir opleiding, wat meegebring het dat swart onderwysers oor die algemeen minder goed gekwalifiseer is as ander onderwysers. Hierdie swakker gekwalifiseerde onderwysers gee ook, hoofsaaklik, onderrig in skole met swak fasiliteite, ontoereikende leerhulpbronne, groter isolasie van stedelike sentrums, en karige of geen professionele steundienste.

Die professionele ontwikkeling van onderwysers, gekombineer met doeltreffende professionele steundienste, die doeltreffende verskaffing van leersteunmateriaal, 'n mobilisasieveldtog om die skool die sentrum van die gemeenskapslewe te maak, en die progressiewe uitskakeling van onmenslike fisiese toestande in skole sal 'n groot uitwerking hê op onderwysers se moreel en die gehalte diens wat hulle lewer.

Die Ministerie van Onderwys sal die hoogste prioriteit verleen aan die ontwikkeling en implementering van 'n langtermynplan vir onderwyserontwikkeling, sowel voordiens as indiens, ter ondersteuning van uitkomsgebaseerde onderwys en beter standaarde van onderrig. President Mbeki het dit bo aan sy lys van regeringsverbintenisse in die onderwys geplaas. Spesiale aandag sal gegee moet word aan die dwingende bewyse dat die land 'n kritieke tekort aan onderwysers in wiskunde, wetenskap en taal ondervind, en aan die vereistes van die nuwe inligtings- en kommunikasietegnologieë.

Ten einde erkenning te verleen aan uitstaande onderwysers op alle vlakke van die stelsel, sal ek 'n Nasionale Onderwysertoekenningskema instel na oorleg met die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, die nasionale onderwysvakbonde en die provinsiale onderwysdepartemente.

Ek sal ook prioriteit verleen aan die opstel van 'n groenskrif oor professionele standaarde in die onderwys, as deel van die proses om die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders in staat te stel om sy volle plek in te neem as 'n statutêre professionele liggaam met werklike invloed op die gehalte van dienslewering.

Al hierdie maatreëls sal help om die identiteit van die onderwyser in die Suid-Afrikaanse samelewing reg te stel. Die jare van diskriminasie, onderdrukking, stryd en demokratiese oorgang het hulle tol geëis op onderwysers in alle gemeenskappe. Dit is tyd om die waardigheid van die onderwysprofessie te hervestig, aangesien onderwysers op hulle beste deurslaggewende agente van verandering en groei in ons skole en gemeenskappe is.

**Prioriteit 6: Ons moet die sukses van aktiewe leer deur uitkomsgebaseerde onderwys**

**verseker.**

Die regering en die Minister van Onderwys verleen volledig steun aan die nuwe nasionale kurrikulumraamwerk gegrond op die konsep van uitkomsgebaseerde onderwys. Kurrikulum 2005 verteenwoordig ons beste hoop om die afbrekende erfenis van die apartheid-era se leerteorieë en verouderde onderrigpraktyke te verander.

Dit is belangrik om te erken watter skade oor die dekades aangerig is deur 'n benadering tot onderwys wat in wese outoritêr was en weinig of geen ruimte gelaat het nie vir die ontwikkeling van kritiese kapasiteit of die krag van onafhanklike denke en ondersoek. Uitkomsgebaseerde onderwys is 'n benadering waarby ingesluit is die kapasiteit van leerders om vir hulself te dink, uit die omgewing te leer en te reageer op wyse leiding deur onderwysers wat waarde heg aan kreatiwiteit en selfgemotiveerde leer.

Hoewel hy hierdie benadering sonder voorbehoud steun, sal die Ministerie van Onderwys hom verset teen oorywerige pogings uit enige oord om uitkomsgebaseerde onderwys in 'n nuwe ortodoksie met skriftuurlike gesag te omskep. Daar sal geen mistifikasie wees nie van 'n benadering tot leer en onderrig wat in wese bevrydend en skeppend is.

Ek het die Departement van Onderwys opdrag gegee om 'n spoedige opname te maak van die implementering van uitkomsgebaseerde onderwys, met die oog op die fasering van die invoering van nuwe grade.

Ek het ook as 'n teikenprestasie-aanwyser bepaal dat alle kinders teen die ouderdom van nege jaar of die einde van Graad 3 vaardigheid in lees, skryf en syfergeletterdheid moet hê. Die Departement van Onderwys sal advies inwin oor die gepaste formulering van hierdie standaard en die wyse van implementering daarvan. Dit is noodsaaklik om 'n sterk steunstelsel vir die nuwe kurrikulumraamwerk daar te stel. Die Departement werk aan gepaste sleuteltoetse van leerprestasie in Grade 6 en 9.

Daar word ten volle besef dat die sukses van die implementering van die nuwe benadering geheel en al afhang van die mate waarin onderwysers behoorlik voorberei is om dit met begrip te fasiliteer, en van die beskikbaarheid van gepaste leersteunmateriaal in die skole.

Dit was uiters ongelukkig dat die beginjaar van Kurrikulum 2005 (1998) saamgeval het met die krisis in provinsiale begrotingsbestuur, met die gevolg dat die voorbereiding van die meeste provinsiale onderwysdepartemente ernstig in die wiele gery of selfs ontwrig is. In 1998 en ook in 1999 het nuwe materiaal om die kurrikulum te steun, die skole laat in die jaar bereik, ten spyte van president Mandela se opdrag.

Die spesifikasie, bestelling, aflewering en retensie van leersteunmateriaal is 'n kritieke faktor in die huidige krisis van skoolonderwys, waarvoor oplossings dringend gekry moet word. 'n Besigheidsoorsig van die hele proses in al nege provinsies nader voltooiing. Ek het opdrag gegee dat die resultate aan sowel die Minister van Finansies as myself bekend gemaak word, sodat doeltreffende opvolgwerk met die minimum vertraging oorweeg kan word. Die teiken dat alle skole hulle materiaal voor die eerste skooldag moet ontvang, is nie onderhandelbaar nie. Ons sal maniere kry om te verseker dat provinsiale onderwysdepartemente bemagtig word om dit te laat gebeur.

Dit is belangrik om te verseker dat die groot bedrae wat elke jaar vir leersteunmateriaal nodig is, oordeelkundig bestee word en die tipe waarde vir geld bied wat pas by ons omstandighede as 'n middelinkomsteland met 'n meerderheid arm burgers. Ek het gevolglik gelas dat 'n studie gemaak word van die koste van die produksie van leersteunmateriaal, na oorleg met die uitgewers en verskaffers.

Die retensie van boeke in skole is 'n uiters belangrike faktor om koste laag te hou en die leerproses te bevorder. Alle ouers, skoolhoofde en beheerliggame moet bewus gemaak word van hulle verantwoordelikhede om te verseker dat hierdie aspek van dissipline streng afgedwing word, met gepaste strawwe. Ek loof die Congress of South African Students vir

Operasie Mazibuye, wat daarop gemik is om voorspraak en oorreding op skool- en gemeenskapsvlak te gebruik om dieselfde resultaat te behaal vir sowel skoolboeke as ander skooleiendom wat van skole ontvang is. Hierdie veldtog verdien totale steun.

**Prioriteit 7: Ons moet 'n lewenskragtige stelsel van verdere onderwys en opleiding skep om jeugdiges en volwassenes toe te rus om in die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van die 21ste eeu te voorsien.**

Verdere onderwys en opleiding (VOO), soos die naam impliseer, is die na-verpligte sektor wat hoër onderwys voorafgaan. Dit sluit in onderwys in senior sekondêre skole, tegniese kolleges, gemeenskapskolleges en jeugkolleges, en baie opleiding op hierdie vlak deur werkgewers in die handel en nywerheid. Private voorsieners is baie aktief op hierdie gebied, en hulle sal onderworpe wees aan regulering ingevolge die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998.

As 'n brug tussen algemene onderwys en hoër onderwys of indiensneming is dit 'n uiters belangrike sektor vir jongmense en volwassenes wie se formele onderwys kort geknip is. Die beleid is bepaal en die wetgewing is aangeneem. Ons moet nou oorgaan tot implementering, in noue samewerking met die Departement van Arbeid en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, aangesien die instelling van die Sektorowerhede vir Onderwys en Opleiding opwindende geleenthede vir instellings vir verdere onderwys en opleiding skep.

Daar bestaan 'n dringende behoefte om alle VOO-programme te hersien in die lig van gemeenskappe se maatskaplike en ekonomiese behoeftes in die 21ste eeu. Taalprogramme, wiskunde en wetenskap, en inligtings- en kommunikasietegnologieë is prioriteitgebiede vir hersiening.

Dit is noodsaaklik dat die VOO-sektor so toeganklik as moontlik moet wees vir volwasse leerders wat hulle opvoeding nie kon voortsit nie as gevolg van armoede of gebrek aan geleentheid. Die sektor moet vir homself die doel stel om toonaangewende praktisyns te word in die evaluering en erkenning van vroeëre leer, wat informeel of deur ondervinding opgedoen is, sodat bekwame en ervare volwassenes toegelaat kan word tot programme waaruit hulle voordeel kan trek.

Werk aan die vervanging van die Senior Sertifikaat-eksamen deur 'n Verdere Onderwys- en Opleidingsertifikaat sal so vinnig moontlik verder gevoer word. Intussen is dit noodsaaklik dat faalveilige meganismes ingestel word om die sekuriteit van die huidige Senior Sertifikaat-eksamenproses te waarborg en die geringste moontlikheid van misdadige manipulasie van die punte deur enigiemand te voorkom. Die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad (SAFSERT) het opdrag ontvang om die uitslae onafhanklik te sertifiseer voordat dit deur provinsiale eksamenowerhede aan die publiek bekend gemaak word. Ek sal wysigende wetgewing vanjaar by die Parlement indien om die verantwoordelikhede van hierdie belangrike statutêre liggaam duidelik te stel en te verseker dat daar in die toekoms geen onsekerheid oor sy rol sal wees nie.

**Prioriteit 8: Ons moet 'n rasionele, naatlose hoëronderwysstelsel implementeer wat voorsiening sal maak vir die intellektuele en professionele uitdagings vir Suid-Afrikaners in die 21ste eeu.**

Die land is van die hoëronderwysstelsel afhanklik om in sy behoefte aan hoëvlakmannekraghulpbronne te voorsien en die enjin te wees vir die skepping van nuwe kennis en innovasie, en vir kritiese gesprekvoering. In die lig van die omvang van ons ander prioriteite is dit onwaarskynlik dat beduidende bykomende hulpbronne vir hoër onderwys beskikbaar sal wees. Hierdie sektor ontvang reeds 14 persent van die onderwysbegroting, 'n syfer wat heeltemal in ooreenstemming is met internasionale besteding op hierdie gebied.

Dit is egter belangrik dat befondsingsvlakke vir hierdie sektor volgehou word, terwyl instellings doeltreffender en verantwoordbaar word vir die benutting van hulle intellektuele, infrastrukturele en finansiële hulpbronne.

Net soos skole moet ook ons universiteite, technikons en kolleges lewendige sentrums van gemeenskaps- en kultuurlewe word.

Hulle moet 'n veilige en geborge omgewing bied wat gunstig is vir die bevordering van hulle missie van onderrig en leer, kundigheid en navorsing, en gemeenskapsdiens. Geweld van enige aard en veral geweld teen vroue sal nie geduld word nie. Koshuise van universiteite en technikons moet weer veilige leer- en leefruimtes word, veral vir vrouestudente.

Ek is baie bly om te kan meld dat die studenteleierskap in hoër onderwys, oor 'n breë politieke spektrum, hulself verbind het tot vrede en stabiliteit in hierdie sektor.

Ek verwag van hoëronderwysbestuurders om hulle instellings op 'n verantwoordelike en inklusiewe wyse te bestuur, wat beteken dat hulle in goeie trou betrokke moet raak by oorlegpleging met studenterade en personeelverenigings. Mits hulle dit doen, verwag ek van studente- en personeelliggame om alle plaaslike middele op hulle eie kampusse te benut voordat hulle dit oorweeg om hulle na die Minister te wend.

Insgelyks verwag ek van instellings se beheerrade om rekenskap te gee van hulle wetlike en fidusiêre verantwoordelikhede. Ek is ernstig oor die verantwoordelikheid om sekere lede in elke instelling se raad te benoem. Ek sal die aanstelling en prestasie van sulke Ministeriële benoemdes in oënskou neem, en ek verwag van hulle 'n verslag oor hulle bydrae tot goeie beheer in hierdie instellings.

Die vorm en grootte van die hoëronderwysstelsel kan nie aan toeval oorgelaat word nie as ons die visie van 'n rasionele, naatlose hoëronderwysstelsel wat op die behoeftes van studente van alle ouderdomme en die intellektuele uitdagings van die 21ste eeu ingestem is, wil verwesenlik.

Die institusionele landskap van hoër onderwys sal as 'n saak van dringendheid hersien word in samewerking met die Raad vir Hoër Onderwys. Hierdie landskap is grootliks deur die geopolitieke verbeelding van apartheidsbeplanners voorgeskryf. Soos ons beleidsdokumente dit duidelik stel, is dit uiters belangrik dat die missie en posisie van hoëronderwysinstellings weer ondersoek word met verwysing na sowel die strategiese plan vir die sektor as die onderwysbehoeftes van plaaslike gemeenskappe en die nasie as geheel in die 21ste eeu.

Hierdie ingewikkelde en moeilike taak sal waarskynlik aanleiding gee tot samesmeltings tussen sommige instellings, en besluite om die missie van ander te verander. Dit is goed bekend dat instellings dit baie moeilik vind om self sulke besluite te neem. Mits die ondersoek deeglik gedoen is en daar ten volle en in goeie trou oorleg gepleeg is, sal ek nie aarsel om die nodige stappe met die nodige spoed te doen nie.

Ek is verbind tot die oordeelkundige en volle ontwikkeling van die openbare hoëronderwysstelsel. Ek sal nie aan die onbedoelde benadeling van hierdie stelsel of van die openbare belang meedoen nie, wat meegebring is deur 'n te ruim vertolking van die regulasies vir die registrasie van private hoëronderwysinstellings. Die snelle vermeerdering van sulke instellings, plaaslik sowel as transnasionaal, het deel geword van die ontplooiende Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap, soos wat ook in ander lande gebeur het. Dit moet nou streng maar oordeelkundig gereguleer word, in ooreenstemming met die Grondwet. Ek sal 'n dringende ondersoek laat instel na die maatstawwe en prosedures vir registrasie ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Ek sal ook internasionale advies inwin oor die bestuur van die private, korporatiewe en "grenslose" hoëronderwysverskynsel en die verhouding daarvan tot die strategiese beplanning van mensehulpbronontwikkeling.

Inskrywingsyfers by openbare hoëronderwysinstellings het die afgelope paar jaar afgeneem. Die redes daarvoor moet beter verstaan word. Die langtermynvolhoubaarheid van individuele instellings en die stelsel as geheel vereis dat groei op 'n beplande en verantwoordelike wyse bevorder moet word. As deel van die deurlopende beplanningsproses sal ek alle universiteite en technikons versoek om my in te lig oor hulle innameteikens vir die jaar 2000 en die werwingstrategieë om hierdie teikens te bereik. Dit moet insluit 'n verbintenis tot die werwing

van volwasse leerders en die toepassing van prosedures vir die erkenning van vroeëre leer.

Hoewel die studentesamestelling van hoëronderwysinstellings oor die afgelope paar jaar beduidend verander het om die demografiese werklikhede van die breër samelewing beter te weerspieël, kan dieselfde nie gesê word nie van die samestelling van die akademiese personeel in hoër onderwys, wat steeds grootliks wit en manlik is. Ek sal baie aandag gee aan die bevordering van groter personeelbillikheid in die stelsel deur middel van 'n ondersoek na die diensvoorwaardes van personeel en verwante aangeleenthede. Instellings moet uitgedaag word om teikens te stel om progressief groter verteenwoordiging van vroue en swart akademiese personeel te verkry, as deel van hulle institusionele planne.

Die hoëronderwysstelsel sal ook 'n sentrale rol moet speel in die opbou van kapasiteit vir die onderwysstelsel as geheel. In die besonder moet sy hulpbronne gemobiliseer word om gehalte voordiens- en indiens-onderwyseropleiding en die bou van kapasiteit vir onderwysbestuur te ondersteun. Ons fakulteite en skole vir opvoedkunde het 'n uitsonderlike geleentheid om onderwysbeleid en -praktyk dwarsdeur die onderwysstelsel te steun deur navorsing, kritiese besinning en innovasie.

Ek is daartoe verbind om 'n responsiewe hoëronderwysstelsel van hoë gehalte op te bou. Ons het baie om te doen. Ek sal universiteite, technikons en kolleges versoek om bewyse aan my voor te lê om te toon dat hulle inderdaad op pad na die 21ste eeu is.

**Prioriteit 9: Ons moet die MIV/vigs-krisis dringend en doelgerig hanteer in en deur die onderwys- en opleidingstelsel.**

Dit is die prioriteit onderliggend aan alle prioriteite, want as ons nie slaag nie, sal ons toekoms vol lyding en verlies wees, met eindelose gevolge vir ons gemeenskappe en die onderwysinstellings wat hulle dien.

Die Ministerie van Onderwys sal met die Ministerie van Gesondheid saamwerk om te verseker dat die nasionale onderwysstelsel sy deel doen om die epidemie te stuit en om te verseker dat die regte van alle mense wat met die MI-virus besmet is, ten volle beskerm word.